

**AFRIKAANS**

Paper 2 Reading and Writing

INSERT

**9679/02**

**October/November 2015**

**1 hour 45 minutes**



**READ THESE INSTRUCTIONS FIRST**

This Insert contains the reading passages for use with the Question Paper.

You may annotate this Insert and use the blank spaces for planning.

This Insert is **not** assessed by the Examiner.

**LEES EERS HIERDIE INSTRUKSIES**

Hierdie boekie bevat die leestekste wat saam met die vraestel gebruik moet word.

Jy mag aantekeninge in hierdie boekie maak en die spasies gebruik om jou antwoorde te beplan.

Hierdie boekie word **nie** deur die eksaminator nagesien **nie**.

This document consists of **3** printed pages and **1** blank page.

## Afdeling 1

Lees **Teks 1** en beantwoord dan **vrae 1, 2 en 3** in jou vraestel.

## Teks 1

### Oefen jou hart uit!

Vir televisiemans Dieter Voigt, ’n voormalige Meneer Suid-Afrika, was oefening ’n wegspringblok na sukses. Hy was in graad een die outjie wat gespot is omdat hy nie ’n bal kon raakvang nie – en dan droewig begin huil het. In sy hoërskooldae, met die hulp van sy onderwysers, was hy egter ’n uitblyker in sport.

“Baie mense sê balvaardigheid is iets waarmee jy gebore word, maar ek moes baie hard daaraan werk met die hulp van my ouers en onderwysers. Ek het deurgedruk, want sodra oefening eers ’n dissipline geword het, het ek regtig begin goed voel en het die voordele daarvan in my daaglikse lewe ervaar.” Dis juis die kweek van gesonde oefengewoontes by kinders wat mense wêreldwyd bekommer, want vetsug onder kinders is ’n yslike probleem. En ons land is een waar vetsug die vinnigste toeneem.

5

Oor die redes kan lank en breedvoerig uitgewei word. Kinders speel nie meer buite nie. Veiligheidsoorwegings veroorsaak dat hulle nie meer vryelik op fietse kan kerjaker en skool toe stap nie. Selfone, TV en rekenaars is hul gunstelingmaniere van ontspan, daarom word vandag se kinders die sogenaamde “skermgenerasie” genoem. Oorwerkte ouers sukkel boonop om kinders gesonde oefen- en eetgewoontes te leer.

10

15

Die oplossing is veelvlakkig: Ouers én skole moet hande vat en verantwoordelikheid vir kinders se gesondheid neem.

Kenner sê kinders moet minstens ’n uur per dag speel en rondhardloop. ’n Kind kan rekenarspeletjies speel én oefen, maar soos met alles in die lewe, is balans belangrik. Skole en ouers moet hiermee help. Dieter beklemtoon dat die regte omgewing geskep moet word om ’n kind aan die beweeg te kry. Liggaamsopvoeding op skool sal hom of haar nie noodwendig fiks maak nie. Dit kan egter ’n saadjie plant en ’n gewoonte – selfs ’n liefde – vir oefening kweek. “Daar is ’n gesegde: ‘Onbekend maak onbeminde’,” sê hy.

20

25

Dieter meen ook skole maak ’n te groot ophef van kinders met sporttalent. “Dis hulle wat positiewe erkenning kry. Die tiener wat nie in sport uitblink nie, voel later hy is net goed genoeg om voor die TV te sit. Maar sport en oefening is nie net vir eerstespanspelers nie – álmal kan dit geniet.”

Rolmodelle is belangrik, sluit Dieter af. “Uiteindelik moet jy jouself kan motiveer, maar dit help definitief as daar mense is na wie jy kan opkyk. Ek kan daarvan getuig, want ek het sulke onderwysers gehad.”

30

## Afdeling 2

Lees **Teks 2** en beantwoord dan **vrae 4** en **5** in jou vraestel.

## Teks 2

### Jy is wat jy eet

'n Mens hoor dikwels die woorde: "Hoekom eet jy daardie gemors?"

Dalk is dit jou ouers wat kla, of 'n vriend wat oor jou skouer loer met sy neus in die lug terwyl jy vir jou pakkie tjips betaal. Of miskien selfs die politikus op die televisie wat die jeug se eetgewoontes vir alles en nog wat blameer: van swak matriekuitslae tot mislukte oeste in die Vrystaat tot die dreigende uitsterwing van die renoster.

5

En al wat jy eintlik wil doen, is om jou sjokolademelkskommel in relatiewe kalmte en sonder skuldgevoel te kan geniet voor jy weer die skoolboeke invaar.

As tiener word ek dikwels kwaad as iemand my beskuldig van swak kosdissipline, of waarsku dat my keuses gaan lei tot 'n hartaanval. Dis nie asof ek weier om 'n appel te eet of 'n glas melk te drink nie en as my ma 'n lepel brokkoli op my bord sit, eet ek dit.

10

Soms voel ek tog dat die jeug nie genoeg nadink oor wat hulle eet nie. Vandag se tieners doen minder oefening as twintig jaar gelede, eet meer lekkergoed (én sien dit as "kos" eerder as "versnaperings") en is bereid om ontbyt te mis en eerder hul honger met 'n koeldrank te stil.

Terwyl ek hierdie artikel skryf, reik my vingers onwillekeurig na die pakkie lekkers op my lessenaar en beseft ek wel dat ons as tieners meer versigtig moet wees. My ouers of vriende is nie altyd daar om 'n oë te hou oor wat ek eet nie. En ek mag dalk tans nog piekfyn voel, maar soos ek ouer word, gaan dit al hoe moeiliker word om gesond en aktief te bly as ek in my jeugjare te veel soetgoed en southappies geëet het.

15

Daar is dinge in die lewe wat jy nie kan kies nie – soos die vorm van jou ore, jou ouers, of waar julle woon. Maar jou gesondheid is 'n heel ander saak. Gaan loer dus eerder of daar neute of gedroogde vrugte in die kombuiskas is en spaar die gemorskos en gaskoeldrank vir 'n spesiale geleentheid. Glo my: jou ouer self sal jou jonger self eendag hiervoor bedank!

20

**BLANK PAGE**

---

Permission to reproduce items where third-party owned material protected by copyright is included has been sought and cleared where possible. Every reasonable effort has been made by the publisher (UCLES) to trace copyright holders, but if any items requiring clearance have unwittingly been included, the publisher will be pleased to make amends at the earliest possible opportunity.

To avoid the issue of disclosure of answer-related information to candidates, all copyright acknowledgements are reproduced online in the Cambridge International Examinations Copyright Acknowledgements Booklet. This is produced for each series of examinations and is freely available to download at [www.cie.org.uk](http://www.cie.org.uk) after the live examination series.

Cambridge International Examinations is part of the Cambridge Assessment Group. Cambridge Assessment is the brand name of University of Cambridge Local Examinations Syndicate (UCLES), which is itself a department of the University of Cambridge.